» vertrek ons na die jagarea. Mick het ingestem dat ons 'n swartwildebees mag skiet, maar dit moet 'n spesifieke ou bul wees wat min dae oorhet. Nadat ons die bul geïdentifiseer het, maak Corné en die professionele jagter, Chris van Schalkwyk, plan om by hom uit te kom. Die eerste bekruipslag is nie suksesvol nie en nadat ons 'n draai gery het, word die twee jagters weer afgelaai om met 'n volgende probeerslag te begin.

Terwyl die twee van die voertuig af wegstap, kan ek nie help om daaraan te dink dat waar jagters bymekaar kom hulle altyd 'n plan maak en hoe 'n goeie voorbeeld hierdie geval juis is nie – die wild wat op 'n bewaringsgebied voorkom word deur jagters benut en wat meer is, die hele projek is deur jagters geïnisieer.

Nie lank nie of ons hoor die skoot en die kenmerklike doef-geluid kort daarna, wat 'n raakskoot bevestig.

By hulle aangekom, kan ek my oë nie glo nie. Corné het 'n monster van 'n swartwildebees geskiet en hy glimlag van oor tot oor. Nadat ons die foto's geneem het, neem ek die maatband en meet die wildebees op die Suid-Afrikaanse meetmetode. Dit is meer as 30 duim lank. Hiermee neem Corné die amptelike tweede plek in nadat my naam vir byna twee dekades op daardie plek was. Ek is besonder opgewonde daaroor, eerstens omdat dit weer eens 'n bewys is dat die jagters nie die beste trofeë uitskiet soos wat alte dikwels beweer word nie; inteendeel, dit verbeter gereeld. En tweedens kan ek nie aan 'n waardiger "opvolger" vir hierdie tweede plek as Corné Krige dink nie.

'n Bontebok en 'n "kwagga" van die teelprojek in die Nuwejaars Wetland Special Management Area.

Op pad terug na Kaapstad is ons hard aan die praat en telkemale gaan die gesprek oor jag. Weer besef ek dat baie van ons bewaringsprobleme makliker opgelos kan word indien die hulp van jagters ingeroep word; dit is reeds oor en oor bewys. Jagters kan planne maak en dit suksesvol deurvoer. Miskien moet Peter de Villiers meer jagters vir die Springbokke kies want iemand wat soos 'n jagter dink en doen, wen die meeste van die tyd. ⊕